

Hoofstuk 2 hersiening memorandum

Vraag 1

- 1.1 F – Elke jaar word die rente by die oorblywende balans gevoeg, voor dit weer bereken word.
- 1.2 D – Die gemiddelde verandering in die prys van spesifieke groep produkte in 'n jaar
- 1.3 A – Goedere wat van 'n ander land ingevoer word sonder die toestemming van die vervaardiger
- 1.4 C – Die verskaffer belowe om die geld wat die produk gekos het, terug te betaal indien die verbruiker nie te tevrede is met die produk nie.
- 1.5 B – Die tyd wat die verbruiker het om te besluit of hy/sy die kontrak wil kansleer of nie.
- 1.6 J – Een twaalfde van 'n verbruiker se jaarlikse lone of salaris word elke maand afgetrek.
- 1.7 H – Lede ontvang 'n persentasie van die subskripsiefooie van nuwe lede
- 1.8 G – Die rente word bereken op die aanvanklike beleggingsbedrag en is elke maand of jaar dieselfde
- 1.9 E – 'n Kontrak tussen twee mense as 'n gevolg aksies of gedrag
- 1.10 I – Die verskaffer belowe om die produk te herstel of vervang, sodat dit die doel vervul waarvoor dit gekoop is.

Vraag 2

- 2.1 Daar moet aanbod en aanvaarding wees✓
 Die kontrak moet wettig wees✓
 Dit moet regtelike oorweging spesifiseer✓
 Partye betrokke by die kontrak moet regs kapasiteit hê✓
 Vrye toestemming is noodsaaklik✓
 Verkoop of vaste bate moet in skrif wees✓ (maks 5)
- 2.2 Sy moet by 'n stokvel aansluit, aangesien dit haar kan help om geld te spaar. ✓ 'n
 Piramide-skema is onwettig en sy kan al haar geld verloor.✓ 'n Stokvel is 'n gemeenskap-
 gebaseerde spaarskema waaruit al die lede kan voordeel trek.✓ Alle lede dra elke maand
 dieselfde bedrag geld by.✓ Elke lid kry 'n kans om geld uit die stokvel te onttrek. ✓ Die
 stokvel het sekere reëls en regulasies wat wettig is.✓ Die stokvel kan krediet aan lede
 toestaan.✓ Die stokvel maak staat op self opgelegde regulasies om die belange van die lede
 te beskerm.✓ 'n Piramide-skema maak staat op die subskripsiefooie van nuwe lede om dit
 aan die gang te hou.✓ (maks 8)
- 2.3 Gebruik diskresie met leerders se antwoorde. Hulle moet die volgende in hulle diagram hê:
 – 'n produk teen aankoopprys gekoop word + BTW ✓✓
 – aanduiding dat waarde aan die produk geheg is, voordat dit verkoop word.✓✓
 – die verkoopsprys + BTW✓✓
 – die verskil tussen BTW ontvang en BTW betaal is bereken ✓✓
 – aanduiding dat slegs die verskil aan SARS betaal word.✓ (maks 9)
- 2.4 Winkelmakrediet: die wasmasjien gaan dadelik geneem word,✓ maar die bedrag gaan
 aan die einde van elke maand betaal word.✓
 Paaient: die wasmasjien word ook dadelik geneem✓ maar die bedrag word oor 'n
 tydperk van 'n aantal maande met rente betaal.✓ (maks 4)
- 2.5 Inflasie is wanneer die prys van goedere toeneem ✓ maar die inkomste neem nie toe
 nie.✓ Wendy moet elke maand meer betaal vir dieselfde aantal produkte✓ maar met

dieselfde bedrag geld, so sy moet minder koop. ✓ Indien die inkomste nie teen 'n hoër koers as die inflasiekoers toeneem nie, gaan hulle eintlik armer word. ✓ (maks 5)

- 2.7 Gebruik diskresie met leerders se antwoorde. Hulle moet hulle opinie gee en dit met geldige, logiese redes, wat op die gevallestudie van toepassing is, staaf. Voorbeeld-antwoord:

Ek dink dit is 'n swak idee, aangesien dit hulle skuld gaan vermeerder. ✓ Wendy het nie genoeg geld om die huishoud aan die gang te hou nie en indien sy krediet het, verhoog sy die skuld. ✓ Dit is te maklik om op krediet te koop ✓ en om kennis te neem van die skuld wat toeneem. ✓ Sy kan kwaliteitklere teen laer pryse kry deur na afslagwinkels of fabriekwinkels te gaan. ✓ (maks 5)

Vraag 3

- 3.1 Saamgestelde rente is rente wat op die beginselbedrag plus rente bereken word. ✓
Bv. Jaar 1: $R30\ 000 + 12\% = R33\ 600$ ✓
Jaar 2: rente word op $R33\ 600$ bereken = $R37\ 632$. ✓
Enkelvoudige rente word slegs op die beginselbedrag bereken. ✓ bv. $R30\ 000 \times 12\% = R3\ 600$ ✓. Elke jaar word $R3\ 600$ in rente betaal. ✓ (6)

- 3.2 VPI staan vir Verbruikersprysindeks. ✓ Dit meet die veranderinge in die ekonomie sowel as veranderinge in die lewenstandaard. ✓ ✓ Die prys van dieselfde produkte wat op gereelde intervalle verkry. ✓ Die gemiddelde verskil in prys is die verbruikersprysindeks. ✓ Die inflasiekoers is op die VPI gebaseer. ✓ (6)

3.3

	Huurkontrak	Gymkontrak
Beskrywing	Property is rented from a business Eiendom van 'n besigheid word gehuur ✓ and money paid for the use of the property each month en geld word elke maand betaal vir die gebruik van die eiendom. ✓	Die kliënt betaal vir die gebruik ✓ van die gym toerusting ✓
Voordeel vir verbruiker	– gebruik van eiendom ✓ – het nie groot hoeveelheid van aankope uit te lê nie ✓ – instandhouding en herstelwerk is die eienaar se verantwoordelikheid ✓	– gebruik van gym toerusting ✓ – hoef nie toerusting te koop om te oefen nie ✓ – fisiese instruksie en leiding oor toerustinggebruik is ten alle tye beskikbaar ✓
Voordeel vir besigheid	– passiewe inkomste ✓ (ontvang geld met geen moeite) – huurgeld word op die eiendom gebruik bv. huisverband ✓ – waarde van bate neem toe met tyd ✓	– indiensnemingsgeleenthede ✓ – subskripsie meer as die koste van die toerusting en bokoste ✓ – baie lede gebruik nie die gym nie, maar betaal nog steeds ✓

- 3.4 'n Waarborg is 'n geskepte belofte om 'n produk te vervang ✓ of te herstel indien dit nie wil werk binne 'n sekere tydperk nie. ✓ 2 jaar waarborg op 'n televisie
'n Waarborg is 'n verekening dat die produk vir 'n sekere tyd reg gaan werk. 1 jaar waarborg vir haardroër

3.5. Gebruik diskresie met leerders se antwoorde. Die diagram moet:

- 'n driehoek wees✓
- 'n minimum van 4 vlakke het ✓✓✓✓
- aandui dat elke vlak met dieselfde bedrag toeneem✓✓✓✓ e bv. elke persoon werf 'n spesifieke aantal mense✓
- opskrifte✓✓✓✓
- die gebruik van aantal verduidelikings.✓✓✓✓

(maks 16)